



Pinkster: Die koninkryk is hier!

Ds Gys van Schoor

Die koninkryk van God, wat die sentrale boodskap van Jesus was, gaan oor die koningsheerskappy van God. In Jesus word God se koningsheerskappy op aarde sigbaar. Ons verstaan ons Christen-wees net reg vanuit hierdie sentrale tema van die Bybel.

In Kolossense 1:13 sê Paulus: "Die Vader het ons gered uit die mag van die duisternis en ons oorgebring onder die koningsheerskappy van sy geliefde Seun." Baie keer stop ons, in ons verstaan van die evangelie, by "redding". Dit is egter nie waar God stop nie! Ons verlossing is nie die eindpunt nie. Dit gaan eintlik in ons redding oor die koningsheerskappy van Jesus. Ons word gered om ons aardse lewe te lewe onder die koningsheerskappy van Jesus, die Here, die Koning.

Ons moet twee sake oor die koninkryk goed verstaan. In Jesus het die koninkryk naby aan ons gekom. Aan die einde gaan die koninkryk volledig kom. Jesus is nou reeds Koning, maar aan die einde gaan dit vir almal sigbaar word. In Openbaring 21 lees ons van die eindvisie. God is Koning en Hy gaan die hemel aarde toe bring.

Ons leef in die tussentyd. Die koninkryk het reeds in Jesus gekom en die koninkryk gaan volledig aan die einde kom. Met sy hemelvaart het Jesus gaan sit aan die regterhand van God om die ganse kosmos te regeer. In die hemel – God se dimensie van ons huidige werklikheid – word Christus se koningskap aanvaar. Op aarde word sy koningskap ontken. Die kerk is egter die mense van God se nuwe wêreld (koninkryk) wat Jesus se koningskap aanvaar het en wat onder sy Heerskappy lewe. Hy leer ons bid: Laat u koninkryk op aarde kom, net soos in die hemel. Maar ons word geroep om ook meer te doen. Ons is ook in diens geneem vir die koninkryk. Ons is medewerkers van die Koning. Ons is die lig vir die wêreld, die sout vir die aarde, saam in diens van God se nuwe wêreld.

Pinkster moet ook binne die boodskap van die koninkryk verstaan word. Die Heilige Gees is eintlik die gawe van die nuwe hemel en aarde wat aan ons gegee word en waarin ons nou al kan deel. Paulus gebruik veral twee begrippe met betrekking tot die Gees: *aparchē* wat eersteling beteken en *arrabōn* wat deposito of eerste paaïement beteken. Die Gees is die eerstelingsgawe van die koninkryk wat as waarborg dien dat ons nou al deel in die koninkryk wat aan die einde volledig gaan kom. Die Gees is ook die deposito wat ons reeds ontvang het, van die koninkryk wat aan die einde volledig gaan kom.

Met die opstanding van Jesus het dit wat God aan die einde gaan doen, vorentoe geskuif. En met die uitstorting van die Gees word ons ingetrek om reeds hier en nou in die koninkryk te lewe: Ons kan nou reeds iets van die nuwe hemel en aarde beleef. Ons kan nou reeds die ewige lewe ontvang. Ons kan



nou reeds iets van die nuwe skepping proe! Ons kan nou reeds saam met die opgestane Jesus leef. Ons het nou reeds die nuwe lewe, die opstandingslewe, ontvang. Ons het reeds die deposito van die nuwe hemel en die nuwe aarde ontvang: die Heilige Gees. Die dood is in Jesus se opstanding oorwin en ons deel nou reeds daarin. Die bese is reeds deur Jesus die finale nekslag toegedien en ons deel nou reeds daarin. God gaan eendag by die mense woon, sê Openbaring, maar die Gees wat in ons woon, leer ons nou reeds sê: Abba Vader! Ons kan nou reeds in die koninkryk leef. Ons is nou reeds ingeskakel om saam met die opgestane Here mee te werk aan die koms van die koninkryk in Durbanville en verder. Ons is medewerkers saam met Christus om dinge in ons samelewing nuut te maak, reg en heel te maak.

PINKSTERPROGRAM

Tema: Die koninkryk is hier!

Prediker: Ds Gys van Schoor

- | | |
|---------------------|--|
| So, 5 Junie: | 19:00 Pinksterdiens in kerk |
| Ma - Do, 6-9 Junie: | 19:00 Pinksterdiens in kerk
Kinderpinkster in Gemeentesentrum
20:00 Sop in Gemeentesentrum |
| Vr, 10 Junie: | 19:00 Pinksterete: potjiekos |
| So, 12 Junie: | 19:00 Pinsterfees in kerk – Nagmaal |

Pinkster: Jesus stuur ons!

Ds André van Wyk

Handelinge 1:8 is vir ons, Jesus se kerk, 'n belofte en 'n opdrag. God verwag van sy kerk, van my en jou, om hierdie belofte te glo en hierdie opdrag uit te voer. My verhouding met Jesus stop nie by my verhouding met Jesus nie. En ons saamwees hier as kerk gaan nie in die eerste plek oor ons saamwees hier as kerk nie. Koninkryksmense leef met 'n nuwe prioriteit! Saam met Jesus se belofte van sy Heilige Gees, kom die opdrag om te getuig – Jesus stuur ons!

“Maar waar pas ek in? Hoe en waar moet ek getuig?” vra mense. Die antwoord: Oral en altyd!

Daryll Guder praat van:

- *Being the witness*
- *Doing the witness*
- *Saying the witness*

Ek getuig elke dag en oral waar ek gaan: deur wie ek is, deur wat ek doen en deur wat ek sê – nie nêr deur wat ek sê nie. Getuienis is 'n leefwyse. Elke Christen het die opdrag ontvang om 'n getuie te wêes van Jesus se liefde en God se genade vir hierdie wêreld.

LOVE WINS

Ds Tinus van Zyl

Glo jy in die hemel? En in die hel? Wat word van ons nadat ons sterf? En watter implikasies het dit vir ons lewe vandag?

In sy baie kontroversiële boek, *LOVE WINS*, spreek Rob Bell hierdie eeueoue vrae aan, waaroor teoloë al baie nagedink het. Hy doen dit egter in 'n moderne idioom en op 'n wyse wat baie maklik leesbaar en meesleurend is vir die gewone leser. In die VSA het dit gelei tot groot debatte en fundamentalistiese gelowiges kryt vir Rob Bell uit as 'n ketter en 'n dwaalleraar. *Time* het hom egter gelys as een van die 100 mees invloedryke persone in die wêreld.

Ek het die boek terdeë geniet en is opgewonde oor die moontlikheid dat daar weer 'n gesprek in die kerk kan opflikker oor hierdie belangrike sake. Mense mag dalk dink dat dit sinnelose spekulasies is, want ons weet immers nie wat met ons sal gebeur nadat ons sterf nie. Selfs die Bybelse getuienis oor die hemel en die hel is uiters min. Die gevaar van spekulasie is dus inderdaad groot.

Maar dit bly nietemin 'n belangrike gesprek, want hoe jy dink oor die hemel, hel en lewe na die dood, het reuse implikasies vir jou lewe vandag. Eskatologie - die leer oor die

Adverteer in SIG

Die kostes vir advertensies is as volg:

Vol blad	R1500	Halwe blad	R750
Kwart blad	R375	1/8 blad	R188

Kontak die kerkkantoor by 021 975 6370.

(Die redaksie behou hom die reg voor om advertensies, wat nie pas by die aard van die SIG nie, te weier.)

Uit die Woord

Getuienis begin in jou hart, in jou binneste, by:

- Liefde tot God. 'n Lewende, groeiende, persoonlike verhouding met God. Jy kan ander net vertel van die Here as die Here daagliks vir jou 'n werklikheid is en jou verhouding met Hom daagliks jou lewe rig en verander.
- Liefde vir jou naaste. As jy nie jou naaste, hul lewe en hul redding so hoog op prys stel soos jou eie lewe en redding nie, sal jy nie en kan jy nie effektief getuig nie.

Ons moet getuig, ons kan nie anders nie. God verwag dit ook van ons. Nie een van ons kan of moet dit wil vryspring nie. Getuienis is in 'n mate die essensie van ons geloof, die waarmerk daarop. My verhouding met Jesus en die werking van sy Gees in my dring my. Iemand het die volgende gesê: “I am just a nobody telling everybody about somebody who can save anybody.”

Dis Pinkster vriende: Jesus stuur ons!

Uit die Wêreld

eindtye – het altyd die laaste sê in enige onderwerp. Ek en jy mag dalk saamstem oor die liefdesgebod, maar as ons verstaan van die eindtye verskil, sal ons daardie gebod op radikaal verskillende maniere toepas. 'n Ander teoloog, Brian McLaren, het gesê: “Eschatology always wins.”

So, wat sê Rob Bell in sy boek oor die hemel en die hel? Wel, hy sê eintlik nie veel daarvoor nie, maar hy vra 'n paar kritiese vrae oor ons tradisionele sienings van die hemel en die hel. Hoe meeste mense dink oor die hemel en die hel kom eintlik nie uit die Bybel uit nie, maar uit middeleeuse denke en Renaissance skilderye van Dante en andere.

Rob Bell gee nie finale antwoorde nie, maar hy maak ruimte vir meer misterie. Hy vra: Wen liefde? Of wen haat? Glo ons dat niks ons van die liefde van God kan skei nie? Of kan mense se sonde en ongeloof God se liefde stuit? Wat bedoel ons as ons by Paasfees sing: “Jesus het oorwin, die dood, die hel. Ons kan dit wêreldwyd vertel!”

Redaksie

Redakteur: Ds Tinus van Zyl

Redaksielede: Jackie Pretorius & Cindy vd Merwe

As jy op enige wyse betrokke wil raak by die SIG, of die gemeente se kommunikasie in die algemeen, skakel asb vir ds Tinus van Zyl by 083 289 4985.

Die afgelope sinodesitting sal onthou word as die sitting met geopende Bybels. As ek terugdink aan die week, staan die volgende belewenisse vir my uit binne die konteks van RUS, HOOR en LEEF:

Met elke sessie, drie tot vier keer per dag, het ons tot rus gekom by God deur stilte, gebed en sang. Die lofprysing van sowat 800 gelowiges, waarvan 'n goeie 80% mansstemme was, was 'n hoendervleis-ervaring. As die uitbundige lofsang van hierdie skare direk gevolg word deur 'n stilte waarin jy 'n speld kan hoor val, was ek verwonderd oor die almagtige God voor Wie ons almal diep neerbuig.

Ons het luisterend gewandel in die Woord. Psalm 23, "Die Here is my Herder", is vele kere gebruik. Met die gesprek om ronde tafels, is daar 'n veilige ruimte geskep vir mekaar se standpunte. Ons het onself oopgestel vir God se leiding deur sy Woord en Gees. Ek het God se teenwoordigheid intens beleef deur myself toe te laat om op Hom te fokus en by Hom te wees.

By elke tema (armoede, getuienis, Belhar-belydenis, kerkeenheid, doop, jeug, geslag en diversiteit, lidmaat bemagtiging), is daar 'n lang en deeglike proses van geloofs-onderskeiding gevolg:

1. Ons het geluister na die Woord. Elke persoon kon Bybelverhale en teksgedeeltes aandui wat die betrokke saak aanspreek/belig. Die tafel moes dit dan plaas binne die breë verhaal van die Bybel.
2. Ons het geluister na die konteks. Kundiges op die spesifieke gebied het gehelp om na die omgewing waarin ek leef deur God se oë te kyk.
3. Ons het geluister na die kerk. Insette en voorleggings van sprekers is gegee. By ons tafels het ons verhale vertel vanuit ons eie gemeentes.
4. Dan eers het ons onderskeidend gevra: Waarmee is God hier besig? Gesprekke is in die groot vergadering gevoer. Die gesprekke is daardeur gekenmerk dat dit nie debatte was nie, maar broers en susters in die geloof, wat met groot sensitiwiteit en deernis vir mekaar, saam soek na God se leiding.
5. Hierna het elkeen gedagtes neergeskryf oor wat God van jou vra.
6. Elke gesprek is afgesluit in gebed saam met 'n tafelmanier.



Gedurende die verloop van elke sessie is ruimte gegee dat ek broos voor God kon staan, om myself, my gemeente en my omgewing beter te kon leer ken en verstaan. Ek is dankbaar vir die geleentheid wat my gegun is om geestelik te groei. Dit was nie 'n vergadering nie, maar 'n geloofsverrykende ervaring in die teenwoordigheid van die opgestane, lewendige God met die refrein van: JESUS IS DIE HERE.

Enkele besluite van die Sinode:

Belydenis van Belhar

Die Belydenis van Belhar is met meer as 80% in die vergadering aanvaar en die Algemene Sinode is versoek om die kerkordelike prosesse aan die gang te sit, sodat dit aanvaar kan word as deel van die belydenisgrondslag van die NG Kerk in Suid-Afrika.

Geslag en Diversiteit

Die sinode het verklaar: Jesus is die Heer en Hoof van die huis, kerk en samelewing. Onder Hom staan elke vrou, man en kind op gelyke vlak, as profeet, priester en koning. Die sinode verset haarself teen elke vorm van magmisbruik en geweld, en elke ideologie wat dit regverdig en onderhou.

Doop

Die sinode is oortuig daarvan dat die verbondsdoop 'n uitdrukking is van die grondwaarheid van die evangelie: dat God se getrouheid groter is as ons ontrou, dat sy genade ons geloof voorafgaan.

Die sinode vra om verskoning vir lidmate wat weens hul siening oor die doop onwelkom voel in die kerk. Die sinode vra dat die Algemene Sinode verder sal besin oor die doop, oor die vraag of die doop 'n kernwaarheid van die evangelie is, asook tot watter mate daar ruimte gemaak kan word vir lidmate wat 'n ander siening oor die doop handhaaf.

Lees meer by
durbanvillegemeente.co.za/vind/uit-die-sinode





Is debt your biggest headache???

Is debt influencing your health, work and relationships?

Debt inc is one of the most successful debt counselling firms in South Africa. Through experience and professional service, we are one of the leaders in debt counselling services!

Debt Inc will:

- Rearrange your debt payments to suit your budget
- Communicate with your creditors on your behalf
- Take away your worries of losing your assets
- Help you on the road to financial relief
- Guarantee 100% confidentiality

Registered at the National Credit Regulator -(NCR). The National Credit Act, Art 34 of 2005, gives the RIGHT to every person to make use of Debt-Counselling.

Application fee: only R50

SMS HELP 7

To **35075**

PLEASE CONTACT:

021 551 0210

Head office

0861 20 21 20

Standard rates apply



Inclusive Debt Counselling Services (Pty) Ltd

Ken jy jou omgewing?

Jac Laubscher



Een van die tien beginsels van rentmeesterskap wat ons verlede jaar ontdek het, lui soos volg: "God seën my nie net ter wille van myself nie, maar ook sodat ek ander tot seën kan wees." Die "ander" waarna verwys word, is

die mense met wie ons paaie in ons daaglike handel en wandel kruis.

Die tema van vanjaar se 40 dae oefening was juis dat Jesus ons stuur, vir sommige ver, maar vir die meeste van ons sommer na die "ander" hier naby ons. As dissipels van Jesus kan ons nie anders as om kennis te neem van die ontsaglike meegevoel wat Hy met die nood van die mense wat na Hom toe gestroom het, gehad het nie. Om in Jesus se voetspore te volg, behels om die geestelike en fisiese nood rondom ons te verlig.

Waar staan ons gemeente?

Carel Fourie

Alle eer aan die Here wat ons gemeente gedurende die 2010/2011 finansiële jaar ryklik geseën het. Soos reeds gerapporteer, het ons die jaar afgesluit met 'n surplus van R 174 014 nadat R194 000 bewillig is vir ondersteuning aan verskeie projekte wat gemik is op die verligting van die geestelike en fisiese nood rondom ons. Die kontantreserwes wat uitgeput was, is herstel en ons is goed geïmposisioneer vir die toekoms.

Die geld wat vir projekte bewillig is, is met inagneming van versoeke van gemeentelede, soos volg deur die Kerkraad geallokeer:

1	Decoligny (Willem Botes)	21,556
2	BADISA	21,556
3	Kraaifontein Uitreik	21,556
4	Sokhanya Bybelskool	21,556
5	MES Bellville	21,556
6	Fisantekraal Creche Support	21,556
7	Campus Crusade for Christ	21,556
8	Fisantekraal Centre for Development	21,556
9	Shiloh	21,556
		194,000

Wat die begroting vir die 2011/2012 boekjaar betref, is daar begroot vir 'n toename van 4,74% in die gemeente se inkomste. Uitgawes en allokasies na bediening is dienooreenkomstig aangepas en die netto resultaat is 'n begrote surplus van R27 000. Die volledige begroting is ter insae by die kerkkantoor beskikbaar.

Namens die kerkraad baie dankie aan elkeen wat na God se stem luister en getrou bydra!

Die grafiek stel die begrote besteding skematies voor:

Rentmeesterskap



Die vraag is egter hoeveel ek regtig weet van die nood rondom my. Anders gestel: Ken jy jou omgewing? Weet jy wat in Durbanville en omliggende gebiede aan die gang is? Doen jy moeite om uit te vind? Die voorleggings wat BADISA, Shiloh en MES Kaapstad aan ons gemaak het op 27 Maart, het ons 'n kykie gegee in die rou werklikheid van ander se nood.

'n Mens kan maklik oorweldig voel, soos die dissipels toe Jesus vir hulle opdrag gegee het om vir 'n hele skare mense wat na Hom gestroom het vir heling, kos te gee. Maar Hy het die nodige voorsien, soveel so dat daar vir elkeen van hulle 'n mandjie vol oorgebly het. Ons hoef dus nie te skrik vir die nood waarmee ons gekonfronteer word nie. Jesus sal voorsien, maar dan moet ons die gewillige hande wees wat uitdeel.

So vergewis jouself van wat in jou omgewing aangaan en raak betrokke - met jou tyd, jou gawes en jou geld. Die "ander" maak staat op jou. En jy sal 'n mandjie vol seëninge ontvang.

Finansies 2011/2012

BEGROTE UITGAWES 2012





gesiggiës

Hoe werk die Heilige Gees in my?

Jesus sê hier presies wat die Heilige Gees kom doen. Hy sal ons alles omtrent Jesus leer. Al kan ons die Heilige Gees nie sien, voel of hoor nie, weet en glo ons Hy is binne-in ons omdat Jesus dit belowe het. Hoe werk die Heilige Gees?

Die Heilige Gees is ons "bril". Hy leer ons om in Jesus te glo, om Hom lief te hê, te vertrou, te volg en te gehoorsaam.

- ★ Weet ons waar winde vandaan kom of waarheen dit waai? Nee, ons weet nie. Ons sien net die bome beweeg of ons wasgoed waai aan die wasgoedlyn, maar sien en daaraan raak, kan ons nie. Net so stil werk die Heilige Gees in ons. Ons sien slegs die gevolge van Sy werk in ons. Hy sal jou skuldig laat voel wanneer jy jok en jou aanspoor om vriendlik te wees teenoor ander. Die Heilige Gees leer jou nie iets nuuts nie. Nee, Hy laat hou net dit wat in die Bybel geskryf is, verstaan en glo.
- ★ Wanneer iemand met swak oë sonder sy bril probeer lees is alles dof en onduidelik. Wanneer hy sy bril opsit is alles duidelik en leesbaar. Dieselfde gebeur wanneer jy sonder die Heilige Gees leef of die Bybel probeer verstaan.

- ★ Om Jesus te gehoorsaam beteken om te doen wat Hy vra. Wanneer jou ma 'n koek wil bak gebruik sy meel, melk, eiers, suiker en bakpoeier. Maar dan het sy nog glad nie 'n koek nie. So kan ons ook kerk toe gaan, Bybel lees, bid, KIX toe kom ens, maar dit maak ons nog glad nie getuies van Jesus nie. Eers wanneer Mamma die bestanddele bymekaar gooi en in 'n pan gooi en bak het sy 'n koek. Eers wanneer die Heilige Gees al hierdie dinge wat ons genoem het, gebruik om vir ons te help om van Jesus te vertel, dan eers word ons getuies. Dit is nie alytd maklik nie, daarom moet ons die Heilige Gees vra om ons te versterk en te help om getuies te wees en die duiwel te weestaan. (Sien Aktiwiteit op bylaag 1)


Bylaag 1

Kleur die prent m.b.v die volgende kleurcodes in:

- B=Blou
- R=Rooi
- G=Geel
- Gr=Groen
- P=Pers

Wat sien jy nou?

Dit is die Bybelse simbool vir die Heilige Gees



KINDERPINKSTER

REDDING 911

met dokter Lukas
Lukas 9:11

Hy het hulle verwelkom en met hulle gepraat oor die koninkryk van God, en die wat genesing nodig gehad het, het, Hy gesond gemaak.

Wanneer: 6 - 9 Junie 2011

Waar: Gemeentesentrum

Wie: Gr. 1 - 6 teen R40

Tyd: 19:00 - 20:00

Lesse uit die Lukas Evangelie wat jou help om Jesus as Redder raak te sien

Graad 1: Ouer-en-kind-dag

Ouers

Carstens-gesin:

Hier is die ervaring van ons oudste, Matthys (11 jaar):

Die familiedag aangebied deur die kerk, was heerlik! Ek, my ouers en broer Stephan, het dit bygewoon saam met my jongste broer Nicol, wat in graad 1 is.

Dit was lekker om saam te dink, saam te teken, saam vragies te antwoord en saam iets te doen. Dit was ook lekker dat ons rustydjies gekry het, waarin ons kon speel en lag en koekies eet. Die hoogtepunt was definitief toe ons vir die arm mense 'n broodjie en 'n appel geneem het.

Ek sal dit aanbeveel vir gesinne met kinders in graad 1-6. Dit was 'n wonderlike ervaring en ek sal dit nie gou vergeet nie.

Ons ervaring as ouers:

Die familiedag het ons as gesin die geleentheid gegee om speel-speel meer te ontdek oor ons siening van mekaar en die wêreld om ons. Mens kry deesdae so min die geleentheid om as gesin sulke konstruktiewe tyd saam te spandeer. Dankie.

De Jager-gesin:

Wat het die familiedag vir ons beteken?

Die familiedag het verskeie opsies gebied vir graad 1-ouers



Noord-Kaap Uitreik

Christi Thirion

Van 25 Junie tot 2 Julie is dit weer sulke tyd, uitreiktyd! Die plan is om weer in Vredesvallei te gaan kuier, 'n klimraam te gaan bou, sokker te speel en daar 'n kinderbedieningsprogram aan te bied.

Om 'n klimraam te bou klink hoegenaamd nie na geestelike werk nie. Die doel van die klimraam is egter om die plaaslike sendelinge se hande te sterk in veral die bediening van die kinders. Die klimraam gaan op die kerk se terrein staan, waar die kinders dan in 'n beskermde omgewing onder hulle toesig ook kan speel en ontwikkel.

Sokkerspeel is ook nie net speel nie. Saamspeel help ons waar ons woorde nie genoeg is nie. Ons gaan speel saam met die jongmense van Vredesvallei en wag dat die Here iets doen ... Wat Hy wil doen, weet ons nog nie, maar ons gaan met verwagting en weet dat Hy ons gaan verras.

Ons bedank sommer byvoorbeeld vir Louise Fourie wat ons

Jeug: Kinders

om geestelike tradisies deel te maak van ons gesinslewe. Ons het gekyk na die gebruik van stories, hoe om saam huisgodsdiens te hou, maniere om mekaar te waardeer, hoe om geestelike vakansiedae meer spesiaal te maak en hoe om as gesin saam uit te reik.

As graad 1-ouers is daar verskeie uitdagings en aanpassings; daarom was dit baie goed om herinner te word aan die BELANGRIKE, in 'n tyd wat dit voel asof ons lewens rondgepluk word deur die DRINGENDE! Die eenvoudige oefening was lekker en insiggewend.

Ons gesin het die teken op die groot wit papiere die meeste geniet. Dit was lekker om die kreatiewe oefening saam te doen en dan 'n aanmoediging vir elkeen in die gesin te skryf. Aan die einde het dit ons meer gewaardeerd laat voel, maar ook laat verstaan hoe die Here Jesus ons saamgesit het as 'n span.

Esmarie (7) en Josia (5) weet al redelik van Jesus, kerk en die Bybel, maar dit was goed om strategies te dink oor hulle geestelike ontwikkeling. Ons sal so 'n dag vir enige ouer aanbeveel!

Jeug: Tieners

gaan help met die kosmaak en aanry, asook vir Werner de Bruyn wat ons help met die ontwerp en beplanning van die klimraam. Ons het egter nog baie hulp nodig om die klimraam se kostes te dek, hom daar te kry en dan staan te maak. Indien jy wil saamkom, ons kan help ry, 'n groot voertuig het wat ons kan leen, of enige ander bydrae, kontak my gerus by die onderstaande kontakbesonderhede.



Christi Thirion Selfoon: 082 728 9762
E-pos: christi@durbanvillegemeente.co.za

Konsert en Kermis

Marié Conradie

Konsert

"Die uiteindelijke samewerking, kameraderie en deursettings-vermoë wat tussen die klompie deelnemers ontstaan het, die uiteindelijke genot wat elkeen daaruit geput het en die wonderlike herinneringe wat daarmee vasgelê is, kan met geen geld gekoop word nie," sê Jan Burger, die man agter die skerms van die gemeentekonsert. Die daverende applous wat die gehoor die regisseur en akteurs van "Sneeuwitjie en die sewe (nege) dwergies" mee beloon het, was die bewys dat elke lid van die gehoor die opvoering baie geniet het. Hierdie poging van totaal onervare akteurs en sangers, wat ver uit hul gemaksonde moes funksioneer, was 'n baie groot uitdaging, en is met fyn beplanning deur Jan tot groot sukses deurgevoer. Die voorprogram in aanloop tot die toneelopvoering, het interessante afwisselende genot aan die groot gehoor verskaf.

Kermis

Die motivering vir hierdie jaar se kermis was om die gemeente gesellig saam te laat verkeer. Deur onderlinge samewerking van verskillende stalletjies, is 'n dag vol pret, speletjies, musiek en heerlike eetgoed geskep. Met groot omsigtigheid moes beplan en begroot word om nie op 'n verlies af te stuur nie.



Dankie Durbanville Gemeente!

Ds Jako van Dyk, Monte Vista

Ek skryf hierdie brief namens die tien predikante wat die voorreg gehad het om die geloofsgroeikursus by te woon wat ds Gys van Schoor op Hermanus aangebied het, 28-31 Maart 2011. By die terugvoer op die laaste dag, na aanleiding van die vraag: "Wat het hier gebeur?", het dit duidelik geblyk dat die Here elke predikant op die een of ander manier betekenisvol aangeraak en versterk het vir sy geloofspad in die bediening. Die plek, die afgesonderdheid en die uitstekende fasilitering van Gys en Thea van Schoor, het dit 'n besonderse vier dae gemaak.

Ons wil vir julle as gemeente dankie sê dat julle vir Gys en Thea aan ons geleen het. In die vier dae het hulle prakties beoefen en gedemonstreer wat diens is. Beide van hulle was in gehoorsaamheid aan die Here, gewillige en bekwame instrumente wat nie gehuiwer het om die ekstra myl te loop nie. Dankie dat julle vir hulle ruimte gee om hierdie passie uit te leef. Die Here het hulle regtig geseën om die fasilitering uitstekend te doen.

Feeste

Ons was geseën met 'n wonderlike dag vir die geleentheid en die sameroepers het hulself bewys deur hulself te oortref in die wyse waarop hulle die dag vir almal in 'n fees omskep het.

Reeds vroeg met die pretstap, om die pragtige gedekte ontbyttafels in die tent, in en om die stalletjies en gemeentesentrum, en langs die braaivleisvure, is daar deur oud en jonk gekuier en gespeel. 'n Groot aantal skenkings is ontvang en pryse is aan wenners na afloop van die kermis uitgedeel. Baie gemeentedele het hul waardering uitgespreek vir die grootse poging.

Die kermis se wins van R37 245.84 is 'n groot bonus, met alle eer aan die Hemelse Vader. Ons het reeds kennis geneem van aanbevelings om volgende jaar se kermis met nog groter welslae te kan aanbied. Die beplanning neem reeds eersdaags 'n aanvang en ons nooi lidmate om in groot getalle hiertoe saam te werk.

Brief

Dankie dat julle as gemeente op dié manier wyer gesaai het as die akker van Durbanville Gemeente. Deur Gys en Thea het julle gesaai in die akkers van Klawer, Worcester, Rawsonville, Laingsburg, Monte Vista, George, Wellington en De Doorns. Die vrug wat die gemeentes ontvang het in leraars wat nuwe krag en moed gekry het, kan geen bankstaar reflekteer nie. Dit is opgeteken in die koninkryk van God en met dank kennis geneem dat die vrug voortgekom het uit die saaiwerk van Durbanville Gemeente.

Dankie dat julle gemeente op so 'n manier 'n reuse verskil maak.

Groete

Medereisiger op die geloofspad totdat Jesus ons kom haal!